Hoërskool Marais Viljoen High School

8 Februarie 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 4 (2019)

1. HOëRSKOOL DRIEHOEKTRAGEDIE
Ons innige simpatie en gebede gaan uit na die die hele Hoërskool Driehoekgemeenskap in hierdie donker tyd. Die atletiekbyeenkoms wat deur Hoërskool Driehoek aangebied moes word, word nou deur ons en Dr. Malan aangebied. Alle fondse wat van die verkope, toegangsgelde en donasies vir die strikkies gemaak word, word net so aan Hoërskool Driehoek geskenk, daarom sal daar nie enige civviedae wees om geld vir hierdie doel in te samel nie.

2. SKENKINGS
Ons wil almal graag bedank wat niebederfbare kos en speelgoed vir ‘n kinderhuis in Pretoria geskenk het. Ons atlete het dit tydens die aflosbyeenkoms, by die Universiteit van Pretoria, op 5 Februarie oorhandig.

3. MIDDAE NA SKOOL
Neem asseblief kennis dat slegs leerders wat by die naskoolsentrum ingeskryf is en leerders wat sport oefen, in die middae op die skoolterrein toegelaat word.
Leerders wat vir hulle vervoer wag, moet by die wagarea by die Seegerhek wees.
Indien ‘n leerder wil huiswerk doen of leer terwyl hy/sy wag, kan dit in kamer 11 gedoen word. Kamer 11 is ‘n studeerlokaal na skool, daarom mag daar nie geëet, gedrink of gesels word nie.
Geen “boom boxes” word op die skoolterrein toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word tot aan die einde van die jaar.

4. OORFONE
Geen oorfone word tydens klas of wanneer die leerders by die skool inkom of die skool verlaat, toegelaat nie. Die dra van oorfone kan tragies eindig, aangesien die leerders nie voertuie hoor nie en dit dus tot beserings kan lei.

5. E-SPORT
Ons wil graag hierdie jaar aan die E-Sportkompetisie deelneem wat deur Matrix gereël word. Hierdie kompetisie vind van Maart tot November plaas. Daar sal op Donderdag, 14 Februarie, om 18:30 ‘n inligtingsvergadering in die Martie Heystekgebou gehou word.

6. EERLIKE LEERDERS

Ons wil die volgende leerders bedank vir hulle eerlikheid : Juandre Theron, Gift Mnguni, CJ Ndlela, Musa Magadulela, Lindiwe Yolwa en Shané Skopelitis. Hulle het onderskeidelik tekkies, ‘n Fitbit, ‘n beursie en ‘n selfoon opgetel en by die kantoor ingehandig. Baie dankie!

7. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 11 Februarie	Wintersportoefening 2 Toetse Hulpklasse : Gr 8 – 12 Revue oefening	06:00 – 07:00 14:15 – 15:15 18:00 – 21:00	
Dinsdag 12 Februarie	Wintersportoefening Wiskunde ekstra hulpklasse: Graad 8 en 9 Meisiestennis: Johannesburgliga Seunshokkie: Reddam Revue oefening	06:00 – 07:00 14:15 – 16:00 18:00 – 21:00	
Woensdag 13 Februarie	Wintersportoefening Gr. 12 8ste periode (K3) Atletiek: Top 15 Meisieshokkie: Reddam Revue oefening	06:00 – 07:00 14:15 – 15:00 18:00 – 21:00	 Tuks-stadion
Donderdag 14 Februarie	Valentynsdag Gr. 12 8ste periode (K1) Wiskunde ekstra hulpklasse: Graad 8 en 9 Swemgala E-Sport inligtingsaand	 07:00 – 07:40 14:15 – 16:00 	 King David Victorypark
Vrydag 15 Februarie	Toets Atletiek vs Hugenote Seunstennis: Liga		 Weg
Saterdag 16 Februarie	Ruiterkuns Valentynsbal		

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**